# 163 Heil luisterryke ster




Heil, ons Liewe Vrou,
Gods engel bring u huld,
vra God vir ons om hulp,
ons hart is vol van skuld.

U voorspraak help ons aan,
hoed ons vir bose daad,
gee blindes lig, skenk ons
u leiding en u raad.

O sien met moedersorg
op ons, u kinders, neer,
en deel ons bede mee
aan Hom, u Seun, ons Heer.

O kuise, reine Maagd,
wat in die hemel woon,
help ons deur u gebed,
en reinheid wees ons loon.

Behou ons rein en kuis
en veilig lewenslank,
totdat ons Jesus sien
en vir ons heil u dank.

Aan God, die Vader, lof
en aan die Seun sy eer,
ook aan die Heilig Gees,
wat saam met hul regeer.

Onbekend L.G.Hayne (1836-83)